

LOOPBAANADVIESDIENS

ALGEMENE INLIGTING OOR ONS DIENS:

- Die koste beloop R2350 (Maandag - Vrydag) en R2900 (Saterdag) per kliënt.
- Ons is oop tydens skoolvakansies.
- Ons toets slegs tussen die ouderdom van 14 - 21 jaar.

KONTAK ONS: 021 808 4709 / csr@sun.ac.za

LOOPBAANADVIESDIENS

Voornemende studente word gekonfronteer met 'n wye verskeidenheid program- en loopbaanopsies. Beslis 'n voorreg, maar soms ook 'n dilemma wat tot heelwat kopkrap kan aanleiding gee. Die Universiteit Stellenbosch stel dit as 'n prioriteit om voornemende studente te ondersteun om realistiese program- en loopbaankeuses te maak.

Hierdie diens word aangebied vir graad 11 en 12 leerders. Dit sluit in 'n 4 uur psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings, 'n uur individuele gespreksessie, asook 'n geskrewe verslag van die resultate en aanbevelings. Aanbevelings word gemaak op grond van die kliënt se unieke profiel en kan dus programme aan 'n verskeidenheid van hoër onderwysinstellings insluit. Hierdie geleentheid word dus aangebied vir alle voornemende studente, en nie slegs vir diegene wat aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer nie.

VAKKEUSEVOORLIGTING

Daar is verskeie faktore wat 'n rol speel in die aanloop tot 'n suksesvolle beroepskeuse. Een van die eerste oorwegings is 'n realistiese en weldeurdagte vakkeuse vir graad 10 tot 12. Leerders se vakkeuses kan 'n groot invloed hê in terme van 'n toekomstige loopbaan. Daar is dikwels ook baie onkunde rondom die oorwegings wat bydra tot die regte vakkeuse. Om leerders te ondersteun in hul vakkeuse-proses bied die Universiteit Stellenbosch 'n professionele vakkeuse-voorligting vir graad 9 leerders aan.

Hierdie diens behels 'n 4 uur psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings, 'n uur individuele gespreksessie, asook 'n geskrewe verslag van die resultate en aanbevelings. Hierdie aanbevelings word objektief, onpartydig en met inagneming van die leerder se profiel, asook sy/haar skool se vakkeusepakket, gemaak. Die leerder word ook bewus gemaak van die invloed wat sy/haar keuses op 'n naskoolse studie-program en/of loopbaan kan hê.

CAREER ADVICE SERVICE

GENERAL INFORMATION ABOUT THIS SERVICE:

- The cost is R2350 (Monday - Friday) and R2900 (Saturday) per client.
- We are open during school holidays.
- We only assess from ages 14 – 21 years.

CONTACT US: 021 808 4709 / csr@sun.ac.za

CAREER ADVICE SERVICE

Prospective students are confronted with a wide variety of programme and career options. Undoubtedly an advantage but also a significant challenge. Stellenbosch University prioritises assistance to prospective students in facilitating realistic programme and career choices.

This service is available to grade 11 and 12 learners. The assessment includes a 4 hour psychometric assessment of personality, aptitude and interests, an hour individual feedback session, as well as a written report of the results and recommendations. Recommendations are made based on the client's unique profile and can therefore include programmes at a variety of higher education institutions. This opportunity is offered to all prospective students and not only to those who wish to study at Stellenbosch University.

SUBJECT CHOICE GUIDANCE

There are various factors that play a role in the process of making a successful career choice. One of the first considerations is a realistic and informed subject choice for grades 10 to 12. A learner's subject choice can have significant implications in terms of a future career. Often, there is lack of understanding regarding the important considerations that contribute to making the correct subject choice. In order to support learners in their subject choice process, Stellenbosch University offers professional subject choice guidance to grade 9 learners.

An assessment includes a 4 hour psycho metric assessment of personality, aptitude and interests, an hour individual feedback session, as well as a written report of the results and recommendations. Recommendations are made objectively, impartially and in line with the learner's profile, as well as his/her school's subject choice package. The learner is also made aware of the impact that his/her choice may have on tertiary study programmes and/or careers.